e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

28 Maart 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 8

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Skoenlappergeloof wat uitstyg bo alles

Etty Hillesum, 'n Hollandse Jodin, het 'n boek geskryf met die titel *Treine na die hel*. In haar boek vertel sy hoe baie van haar landgenote soos vee op pad na 'n slagpale in treintrokke gestop is om vervoer te word na plekke van uitwissing soos Auschwitz. Dié wat die treinreis weens 'n gebrek aan kos en water nie oorleef het nie, is stasie vir stasie van die trein gehaal, en dié wat oorgebly het, het uiteindelik by die trein se laaste stasie gesterf. Letterlik, sê Etty Hillesum, 'n trein na die hel.

Jesus Christus se lewe was ook so 'n reis. Ons bely dit immers Sondag na Sondag: *Ek glo in Jesus Christus… wat gely het... gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel.*

Jesus se pad na sy dood en Godverlatenheid aan die kruis was ook vol stasies. By stasie nommer een word Hy verwerp deur sy eie mense, by stasie nommer twee lewer een uit sy binnekring hom uit, en by stasie nommer drie sê sy vernaamste dissipel dat hy Hom nie ken nie. Dan word die afstande tussen die stasies korter. In minder as 'n volle dag word Hy onregverdig verhoor, en onskuldig ter dood veroordeel. Hy word met 'n sweep geslaan, gespot, mense spoeg op Hom, hulle kap Hom met spykers aan 'n kruishout vas, gee Hom asyn as Hy dors word, en dan sterf Hy terwyl Hy uitroep *My God, my God, waarom het U My verlaat?*

Watter troos lê daar vir ons as God se kinders nie in hierdie lydensweg van Jesus opgesluit nie! Ons kan weet: al kry ons hoe swaar in hierdie lewe, al voel ons lewe soms soos 'n trein na die hel, ons sal nooit sonder God wees nie. Want Jesus Christus is nie alleen daardeur nie, maar ook deur die graf en Hy lewe! Nooit weer sal ons sonder God hoef te wees nie.

Dit is hoekom ons die verhaal van Jesus die blye tyding genoem! Goeie nuus! Die dag van sy sterwe aan die kruis gedenk ons op *Goeie* Vrydag! Hoekom? Want dit waardeur Jesus gegaan het, maak elke stukkie swaarkry op my pad anders. Hy was sonder God, en daarom sal ek nie wees nie.

Elizabeth Kubler-Ross, 'n Amerikaanse geneesheer wat spesialiseer in sterwensbegeleiding van kinders, vertel hoe sy by geleentheid 'n konsentrasiekamp in Pole besoek het. Wat haar opgeval het, was die prentjies van skoenlapper na skoenlapper wat die kinders op die mure geteken het – prentjies wat uitdrukking gegee het aan die kinders se hunkering om uit hul moeilike omstandighede uit te kom en soos skoenlappers vry te kan wees, om te kan fladder uit oor die mure van daardie verskriklike plek waarin hulle vasgevang was.

Jesus het vir ons, verlate sonder God, die graf oorwin sodat ons vry kan wees, vry om soos skoenlappers te fladder uit bo alle dinge wat vir ons soms te veel word. En die wonderlike en goeie nuus is dat niks, maar niks, hierdie fladdergang van ons skoenlappergeloof kan keer nie! Want niks kan ons skei van die liefde wat daar vir ons in Christus Jesus ons Here is nie! Dit is immers die Goeie Nuus wat ons weer hierdie Paasnaweek gaan vier.

Prof Ernest van Eck

(Daar sal nie 'n uitgawe van die *e-Hervormer* op 4 April wees nie. Die volgende uitgawe verskyn dus op Donderdag 11 April.)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Vakante standplaas

- **Gemeente Saffierkus in Amanzimtoti** beplan om eersdaags te beroep en wag aansoeke in van predikante wat in **deeltydse of deelsorghoedanigheid** in die gemeente kan werk. Die gemeente bestaan uit 130 belydende lidmate, waarvan die helfte bo 55 jaar oud is. Die omvang van die verantwoordelikheid en vergoeding is onderhandelbaar. Die kerkraad behou die reg voor om enige of geen van die geadverteerde aansoeke te aanvaar of nie. Navrae kan gerig word aan Celia Biggs by 031 903 7970 of 082 410 5444. Aansoeke sluit op **15 April 2013**. CV's kan gestuur word na **cbiggs@telkomsa.net**.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed na **produksie@nhk.co.za**.

- **JJ Steenekamp (oom Hansie)**, skoonvader van ds Jan van Immerzeel, is Dinsdagoggend 26 Maart oorlede. Hy was 96 jaar oud. Die diens vind op Donderdag 28 Maart plaas vanuit Gemeente Krugersdorp-Oos. Oom Hansie was lank onderwyser by Hoërskool Bekker en skriba van Gemeente Magaliesburg. Ons innige simpatie gaan aan mev Rika van Immerzeel en hul familie.

- 'n Preekskets wat **ds Johan Bester** vir **Paasfees** geskryf het en 'n preekskets van **dr Johann Beukes** vir **Goeie Vrydag** is op Dinsdag 26 Maart aan predikante gestuur. Dit kan ook by Bybelstudiegeleenthede of saam met 'n eredienswerkgroep benut word. Die reeks preeksketse is as hulpmiddel vir predikante bedoel, wat self kan besluit of en hoe hulle daarvan gebruik wil maak. **Lidmate** kan gaan na **www.nhka.org** → So werk ons → Toerusting → In Christus se voetspore vir agtergrondinligting oor die betrokke teksgedeeltes wat gesprek in die gemeente kan stimuleer.

- 'n Aantal studente van die **Fakulteit Teologie** (UP), waaronder ook studente van die Hervormde Kerk, het van 17 tot 26 Maart 'n **studietoer na Duitsland** onderneem. Befondsing deur die Duitse akademiese uitruildiens DAAD het hierdie kontakgeleentheid tussen studente aan UP en die **Universiteit van Bamberg** moontlik gemaak. Die tema vir die toer was *Die openbare rol van Teologie*. Voorgraadse teologiese opleiding by Suid-Afrikaanse universiteite sluit nie kursusse oor publieke teologie in nie, en hierdie studietoer wil 'n nuwe generasie van teoloë blootstel aan teologiese interaksie, temas en teologiebeoefening in 'n ander konteks, en die akademiese bande tussen **Duitsland en Suid-Afrika** versterk. Sowel Suid-Afrika as Duitsland het 'n geskiedenis van intense politieke konflik, terwyl die kerk en predikante nog steeds 'n belangrike rol in die onderskeie gemeenskappe speel. Dit is in albei kontekste vir die kerk belangrik om 'n geloofwaardige en konstruktiewe openbare stem te herwin. Meer inligting oor die toer is beskikbaar op die webwerf van UP.

Aksiegroep Gestremdheid

- **ADV se Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer**. Wanneer 'n gebou nie akkommoderend is vir mense met gestremdhede nie, is dit gepas om vriendelik hulp aan te bied.

- **ADV-videogrepe.** Gaan kyk gerus na grepe van die dienswerk wat ons Kerk se diakonaat doen (klik telkens om 'n kort videogreep te vertoon):

DPS-stelsel (Kinderhuise)
http://www.diakens.co.za/index.php/wat-doen-ons-alles/kindersorg/kinderhuise-dps-stelsel.html

TOIBO (Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys)
http://www.diakens.co.za/index.php/wat-doen-ons-alles/gestremdes/toibo.html

RDV's leer oor barmhartigheid
http://www.diakens.co.za/

- **AGB-wenk:** Wees lief en gee om vir bejaardes, want deur hulle kan jy leer hoe om verswakking en afhanklikheid as 'n weg na geloofsverdieping te beskou. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die AGB by 082 786 8448.

- **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Potchefstroom**
  Die vereistes is onder andere:
  - Getroude egpaar.
  - Verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud.
  - Lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk.
  - Goeie gesondheid.
  - Aanvoeling vir kinders.

  Benewens 'n maandelikse kontantvergoeding word gratis inwoning in die DPS-huis ook by die pakket ingesluit. **Aansoeke sluit op 30 April 2013.**
  Kontak die volgende persone vir meer inligting:
  Mnr Otto Viljoen: 012 322 8885 / 079 495 2007 / kinderhuise@nhk.co.za
  Ds Willem Kok: 018 294 4187 / 083 664 0058 / wilmak@absamail.co.za
  Dit sal waardeer word indien predikante hierdie inligting by die afkondigings van die gemeentes sal insluit.

- **Vakature vir 'n administratiewe beampte. Gemeente Wonderboom** in Annlin, Pretoria, het 'n uitdagende pos vir 'n professionele, selfgemotiveerde persoon met goeie rekenaar- en finansiële vaardigheid. Hierdie persoon is die gemeente se eerste kontakpunt, en daarom is goeie menseverhoudings en kommunikasie van uiterste belang. As die administratiewe beampte van die gemeente is jy verantwoordelik vir alle kantoor- en administratiewe dienste, alle kassierstake, bevordering van kerklike publikasies, instandhouding van elektroniese databasisse en skakeling na binne en buite die gemeente. Dit is 'n halfdagpos op normale weeksdae, en op Sondae word van jou verwag dat die kantoor 'n uur na die erediens oop sal wees. Die volgende is vereistes vir die pos:
  - 'n Naskoolse kwalifikasie.
  - Formele opleiding in Microsoft Office (Word, Excel, Outlook, PowerPoint).
  - Pastel- of verwante stelselervaring.
  - Geldige rybewys.

  Kontak een van die volgende persone vir meer besonderhede: Piet Mulder 079 877 3280 / Henri Vorster 082 469 7752 / Dawie van der Merwe 082 575 6284.
  Aansoeke sluit op 5 April. Korrespondensie sal net met suksesvolle kandidate gevoer word. Indien jy nie binne 7 dae na die sluitingsdatum van ons gehoor het nie, kan jy aanvaar dat jou aansoek onsuksesvol was. Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.

- **Gemeente Declercqville** in Klerksdorp beskik oor 'n vakature vir 'n **orrelis**. Stuur aansoeke na die gemeentelike kerkkantoor vir aandag Marie: faks 086 589 3343 of **m.swanepoel@lantic.net**. Vir navrae, kontak Kobus by 084 513 7588.

- **Gemeente Wonderboompoort** bied 'n **koelkamer** te koop aan. Dit is 'n losstaande buitekoelkamer in goeie toestand, 2,6 m hoog, 3 m wyd en 2,4 m diep. Die temperatuur kan beheer word tussen 2 en 10 °C. Daar is geen rakke aan die binnekant nie. Kontantaanbiedinge word ingewag **tot 31 Maart**. Die beste aanbod sal aanvaar word. Die koper moet asseblief self reël dat die koelkamer afgehaal word. Kontak Sieg Schwarzer (skriba) by 012 335 4181, 083 288 2779 of **siegfrieds@telkomsa.net**.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember 2013
  Basaar met sanger Pieter Smit, Nagmaal
  en hoeksteenoprigting op fondasie van eerste sinksaaltjie
  Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen (prys later bekend)
  Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 12 April, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 28 Maart: Di Lorret de Leeuw (Hendrina), Mariët Robbertze (Magaliesmoot) en Jaco van Sittert (Randburg)
  - Vrydag 29 Maart: Dr Frans Boshoff (emeritus), di Jan-Harm Barkhuizen (Weskus) en Petri van Rooyen (Joachim Prinsloo/ Ruskoppies)
  - Saterdag 30 Maart: Ds Thomas Dreyer (Durban)
  - Maandag 1 April: Ds Annalize Rossouw (Kuruman-kombinasie)
  - Dinsdag 2 April: Dr Ananda Geyser-Fouché (UP) en ds Leanie Oberholzer (Pretoria-Oos)
  - Woensdag 3 April: Ds David Barnard (Magaliesmoot)
  - Donderdag 4 April: Ds Stephan Botha (Klerksdorp-Oos Môrester / Klerksdorp-Wilkoppies)
  - Vrydag 5 April: Di Willem Barnard (Stilfontein) en Tanya van Wyk (beroepafwagtend)
  - Saterdag 6 April: Ds Theo Janse van Nieuwenhuizen (emeritus)
  - Sondag 7 April: Di Corné Lemmens (Villieria/Wonderboompoort), Frans Redelinghuys (Sasolburg) en dr Hennie van Deventer (emeritus)
  - Maandag 8 April: Ds Marius Bacon (Warmbad)
  - Donderdag 11 April: Ds Gys van R Els (Brackenhurst)

Beplande vergaderings

- Woensdag 10 April: Agendakommissie van die Kommissie van die AKV
  Komitee vir die Herskrywing van die Kerkorde
- Donderdag 11 April: Finkom van die ADV

Beskikbare behuising

Kursusse en toerusting

- **HTK oop gesprek oor die Kerk se teologiese opleiding**
  Vrydag 19 April van 14:00 af
  By die Sinodale Kerkkantoor in Pretoria
  Inleiers prof Ernest van Eck en dr Kobus Labuschagne
  Alle lidmate en ampsdraers welkom

Konserte en feeste

- **Vrydag 19 April om 19:00: Gemeente Ventersdorp**
  Griekse aand met Yoti die Griekse Boertjie
  Aansitete tydens die optrede
  Volwassenes R100 per persoon
  Laerskoolkinders en jonger R50 per persoon
  Kontak Ina van Vuren by 084 602 7300
  of die gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245

- **Vrydag 10 Mei om 19:00: Gemeente Witbank**
  Konsert met Jammies Jamneck (komediant) en sy kinders (kontreisangers)
  By Klipfontein-laerskool
  Vingerete ingesluit, wyn en koeldrank voor optrede en in pouse beskikbaar
  Volwassenes R100 elk, laerskoolkinders en jonger R50 elk
  Navrae aan Nick van Niekerk by 082 894 7916
  of Rachel Bothma by 013 697 0455

Kampe en toere

- **Vrouekamp 2013: 19 tot 21 April**
  Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Sprekers ds Janine Bevolo-Manders en ds Marna Naudé
  Piekniek, kenmekaar en lofprysing Vrydagaand
  Pretloop Saterdagoggend, aromaterapiesessie, *high tea*
  R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)
  Bespreking met betaling van R200 deposito
  Kontak Jana Peenze by 083 734 5426 of **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 of **stef1@absamail.co.za**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 2 tot 18 Oktober 2013**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!

Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
ernest.vaneck@up.ac.za
of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
louise.geyser@absamail.co.za

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

Sportbyeenkomste

- **Donderdag 4 April: Gemeente Paarl: Gholfdag**
  Paarl-gholfklub
  4-bal Beterbal-alliansie
  Geborgde putjies en bowwe R500 tot R1 500
  Inskrywingsfooi R1 200 per 4-bal / R300 per persoon
  Skryf in by Paarl-gholfklub 021 863 1140
  Kontak Frikkie van der Merwe by 082 462 0540
  of ds Johan van Rensburg by 083 384 0219

Kompetisies en fondsinsamelings

Basaars en markte

- **Saterdag 25 Mei 09:00 tot 14:00**
  Gemeente Mafeking: Diamantstormloop
  By Wouter de Vos Rugbystadion in die dorp
  Verskeie stalletjies en vlooimark
  Musiek deur Lichvaal Stereo vanaf die rugbystadion
  Verskeie diamante met gesamentlike waarde van R20 000 te wen
  Koop 'n kaartjie teen R100 en ontvang 'n pakkie diamantgruis
  Sif die *vreemde* voorwerp daarin uit en kwalifiseer dalk om 'n diamant te wen!
  Navrae aan Kallie of Nelia Landsberg (079 893 9031 of 083 665 6239)
  Bemark en verkoop u produkte – stalletjies R300 elk
  Navrae aan ds Annelie Botha (082 650 3494)
  of Magda Redelinghuys (082 825 1913)

ANDER NUUS

- **Nuwe nasionale fondsinsamelingsprojek op 31 Mei.** Plakkers te koop @ R10 elk. Daar is 5 soorte plakkers te koop: diere; algemene welsyn in gemeenskap;

kinders; gestremdheid; onderwys. Deur ‘n plakker te dra op 31 Mei wys jy dat jy jou *belasting* betaal het ten bate van jou gunsteling niewinsgewende organisasie. Om seker te maak dat jou tekkies nie ’n verleentheid is nie, is daar ’n spesiale paar veters te koop @ R30. As deel van die plakker is daar ook ’n kleiner plakker wat jy op jou selfoon kan plak. Bestel jou plakkers van TOIBO. Kontak Arina Jooste by 012 320 7644 / 082 560 5213.

- **Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid**
  Vrydag 7 Junie om 19:30 in die Aula
  Romanz en Nianell
  Besprekings by skool 012 800 1071 (kantoorure) /
  Marietjie 083 294 8246 (naure) / Lizet 082 550 6960

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of ’n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as ’n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag.

Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

AGTERBLAD

Getuienis teenoor kerk, volk en owerheid in die Paastyd

Die Woord van God gee aan die kerk die opdrag om teenoor die gemeenskap en owerhede te getuig. Ons getuienis handel in die eerste plek oor die geloof wat deur die Kerk bely word. Ons is in die huidige tyd veral bekommerd oor die mate van geloofsverwarring wat in ons gemeenskap heers, en juis daarom is dit nodig dat die Kerk nou opnuut haar geloof sal bely.

Die Hervormde Kerk bely haar geloof in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Ons bely dat Hy die ganse heelal geskep het en steeds onderhou, dat Hy ons van ’n sondige, sinlose en vlietende bestaan op aarde verlos het, en dat Hy ons steeds lei en troos.

Ons glo dat God Hom in die Bybel aan die mensdom bekend maak, en daarom is die Bybel bo alles die bron en norm van ons geloof. Ons glo dat God in Christus mens geword het, en Homself só binne die ruimte van ons geskiedenis aan mense bekend gemaak het. Ons glo dat God Homself steeds vandag aan mense bekend maak oral waar sy Woord verkondig word, waar gelowiges hierdie Woord uitdra en van die werking van sy Woord en Gees in hul eie lewens getuig.

Ons geloof is in die eerste plek saamgevat en onder woorde gebring in die drie ekumeniese geloofsbelydenisse van die vroeë kerk, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Athanasius en die Geloofsbelydenis van Nicea. Dit is later verder en meer breedvoerig onder woorde gebring in die Protestantse belydenisskrifte, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. Die Hervormde Kerk staan onverkort by hierdie ekumeniese geloofsbelydenisse en Protestantse belydenisskrifte. Hoewel die Hervormde Kerk oor baie dekades heen in beginsel die moontlikheid ooplaat dat die Kerk haar ook aan ander belydenisskrifte kan bind, gee die Hervormde Kerk tans geen oorweging aan enige ander belydenis nie (ook nie die Belydenis van Belhar nie).

Daar word soms aan die kerk eise gestel om meer of minder te bely as wat in die Woord van God staan oor die kernsake van die geloof. Die Hervormde Kerk kies om saam met die kerk van die eeue te bly by dit wat ons in die Skrif vind. Niks meer nie en niks minder nie. Die uitleg van die Skrif en die interpretasie van die Belydenis is die taak van die eksegese en die prediking.

In hierdie Lydenstyd en met Paasfees voor die deur getuig die Hervormde Kerk weer eens dat ons Here Jesus Christus ongeveer 2 000 jaar gelede werklik mens geword het, werklik gely het en aan die kruis op Golgota gesterf het, en net so werklik uit die dood opgestaan het.

Sy opstanding gee vir ons ’n toekoms wat verder strek as hierdie lewe, en juis daarom is dit reeds nou vir ons belangrik om deur ons woorde en optrede te toon dat ons in Christus nuwe mense is – mense wat nie meer magteloos aan sonde uitgelewer is nie, maar nou vry is om God te vereer en ons medemens te dien. So ’n lewe gee sin aan ons bestaan, en ons nooi elkeen wat nog soekend is om die vreugde hiervan saam met ons te ervaar.

Aan God al die eer!

Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel